durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

5 April 2020

Nkosi Sikelel' iAfrika

**Nkosi Sikelel' iAfrika - Morena boloka setjhaba sa heso**
**Hosi katekisa Afrika - God seën Suid-Afrika**
**God bless South Africa - Mudzimu fhatutshedza Afurika**

Vandag is ons dankbaar!

Ons eer God!

Ons is lief vir Hom.

5 April 2020, 7de Lydensweek

**09:00** **Familiediens**
Regstreeks op YouTube
*Ds. Johan Els*
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: MES Kaapstad**



**PAASPROGRAM**

9 April 2020, Nagmaal

**09:00** **Lydensnagmaal**
Regstreeks op YouTube
*Ds. Philip Scholtz*
*Stephanie Steenkamp*

**Deuroffer: Radio Kansel**

10 April 2020, Goeie Vrydag

**09:00** **Erediens**
Regstreeks op YouTube
*Ds. Philip Scholtz*


**Deuroffer: Radio Kansel**

12 April 2020, Paasfees

**09:00** **Familiediens**
Regstreeks op YouTube
*Ds. Philip Scholtz*

**Deuroffer: Trans Wêreld Radio**





# #24/7 Jou lyf

**Geloof raak ook jou lyf** - ons het dit dalk al bietjie vergeet, maar nou te midde van die afsonderingstydperk, raak dit weer 'n werklikheid vir ons.

**1 Korintiërs 6: 18 – 20; Spreuke 6: 16 - 27**

Sy woord is duidelik dat ons LYF aan Hom behoort en soms dink ons verkeerdelik alles is geoorloof omdat dit 'n nuwe era is. Dalk "over indulge" ons te veel oor die algemeen. Dit het 'n leefwyse geword en noudat ons van alles gestroop is soos ons dit ken, word ons gedwing om in ons besige spore te stop en jou lewe van voor af in oënskou te neem.

*Kerk soos ons dit ken,*
*werk soos ons dit ken,*
*om vrylik rond te beweeg (stap, draf, reis),*
*geen familie besoeke*
*geen vriende kuiers*
*virtuele skool*
*geen sport wêreldwyd,*
*net essensiële aankope:*
*geen skryfbehoeftes, klere, meubels, blomme, of selfs drank nie.*

**Wie ken so 'n wêreld?**

Afsondering klink soveel meer positief as die woord "lockdown" en dit is wat ek telkens beleef in die vreemde tydperk wat oorheers word deur die Covid-19 virus.

"Lockdown" en soveel ander sosiale media platvorms bring paniek en angs mee, maar wanneer jy dink waar jou HULP vandaan kom is daar 'n stukkie rus-en-vrede en dan raak "lockdown" 'n tydperk van afsondering … 'n tydperk van oordenking, 'n stilword tyd vir die kop en lyf voor Paasfees.

(… maar ons weet dat ons koppe sukkel om stil te word, want daar is altyd 'n maar wat as …) Dit is daardie deel van ons lyf wat ons ook moet oordra aan God, want Hy belowe Hy sal ons enduit versorg.

Ons weet nie hoe ons dae gaan lyk nie, maar Sy beloftes staan vas vir ALTYD.

**Prys die Here!**

# Vanuit die Uitreikkantoor …






# Bergsigprojekte op ons voorstoep

### Gekoördineerde betrokkenheid

Nou moet ons netwerke vorm soos nog nooit tevore nie, want die nood is groot en mense wil graag help.

Ons staan bankvas agter MES, 'n organisasie wat fokus op hawelose mense. MES werk met hawelose mense en koördineer in hierdie tyd van inperking voedselvoorsiening vir meer as 1500 mense per dag. Hulle werk hoofsaaklik in Bellville en Parow, maar ook so wyd as Kraaifontein en Kuilsrivier en Leonsdale. Ons Hulp vir Hoop projek skakel deur middel van die Durbanville Sopkombuis by MES in. Ons kerk is tans besig om in Durbanville sop saam met ander kerke te bly verskaf. Ook kospakkies word aan die haweloses gegee.

'n Groot uitdaging sal wees wanneer Stad Kaapstad hierdie hawelose mense by spesifieke plekke gaan allokeer, want dan moet die kos na hulle toe geneem word. Om hierdie diens moontlik te maak, soek MES houertjies, soos margarienhouers, wat 'n deksel het wat dig sluit. Ons het reeds by ons plaaslike kruidenierswinkels gevra dat hulle 'n trollie by die deur sal plaas en mense kan hulle skoon, leë houers daarin gooi. MES laai dit dan weer op.

### Benodigdhede vir die werk onder haweloses

Die volgende lys word benodig om die werk onder haweloses voort te sit: groente, vars vrugte, rys, pastas, pap, blikkies kos, Cup a Soup, koffie/tee/suiker, Oats energiestafies, vleis vir sop of bredies, houertjies, toiletware, seep, plastiekskottels om in te was of te bad, klere, komberse en MES skuiling-bewyse.

Die kombuise benodig tafels en *urns* (kookwaterkanne) asook die volmaak van gassilinders.

Om betrokke te raak kontak:
prcapetown@mes.org.za or 074 692 1247.

# DONATE: Protect the destitute amid Covid-19

## Needs:

**Food:**
- Vegetables
- Fresh fruit
- Rice
- Pastas
- Pap
- Variety of tin foods
- Cup-a-soup
- Easy oats
- Oats/energy bars
- Tea/Coffee/Sugar
- Concentrated juices
- Meat for soups/stews
- Disposable containers & cutlery

**Hygienic Materials**
- Toilet Paper
- Washing powder for clothes
- Soap & hand sanitizers
- Plastic basin for washing

**Clothing:**
- Bedding
- Blankets
- Clothing

**MES Vouchers:**
- Shelter booklets (R100 /10)
- Meal vouchers (R50/10 )

Kitchen:
- Urns
- Refilling of gas cylinders
- Tables for shelter & soup stations

Protective gear: Masks & gloves
Technology: Data bundles for staff working remotely

## Drop off points:

To minimize contact items can be dropped off at the following places in designated trolleys provided:

**IPIC AURORA** - Corner of Burton &, Aurora St, Aurora
**IPIC SONSTRAAL** - Cnr of Langeberg and, Verdi Blvd, Durbanville

**WILLOWBRIDGE MALL:**
Woolworths or
PNP

## Financial donations:

ABSA Bank
MES Cape Town
Account: 405 806 2432
Code: 632005
Swift Code: ABSAZAJJ
Ref: CovidHelp

Contact us at prcapetown@mes.org.za 074 692 1247 www.mes.org.za

Follow us Mould Empower Serve @mesorgza mesorgsa Mould Empower Serve MESZANATIONAL




Die Bergsig Boodskap het nie ontaard in 'n Engelse publikasie nie, maar ons leen gedurende die afsondering tydperk idees van mense en instansies wat reeds getref is en al so stukkie verder gedink het en materiaal opgestel het. Ons hoef sekerlik nie die wiel te herontwerp nie. Dus vra ons dat jul begrip hiervoor toon

## KNIELTYD

Die formaat verander so bietjie in die tyd.


**Die week bid ons vir alle MEDIESE personeel. Ons vra dat VADER hulle sal bewaar en bomenslike krag gee om te bly bedien in die Covid-19 tydperk.**

Bergsig het 'n gebeds-WhatsApp-groep waarop ons gebedsversoeke van individue en die gemeente deel en dan saam daaroor bid. Indien jy deel wil wees van Bergsig se GEBEDSGROEP stuur asb. jou naam en nommer vir ds. Mizelle by 083 394 1101.




Raak deel van die groep veral nou as jy baie alleen voel. Die leraars is beskikbaar om jul te bedien - al is dit per telefoon.

Gebruik die "check in" gedagte om by jou familie uit te kom. Vereenvoudig dit gerus, maar maak seker JOU mense is "OK" in die moeilike tydperk.




### Ons is beskikbaar

Elke leraar is beskikbaar om julle te bel en ook 'n tuisbesoek te doen indien daar 'n absolute NOODtoestand is.

Ons verstaan dat AFSTAND nou baie belangrik is om almal veilig te hou en dit nie oor ons eie gerief of alleenheid gaan nie.

Maar BEL of e-pos gerus 'n leraar in hierdie alleen tyd van afsondering wanneer mens met jou eie gedagtes gekonfronteer word.

Ons Herders is daar vir jou, **maar onthou daar is min wat daar is vir hulle.** Reik dus net uit wanneer jy regtig in NOOD is (geestlike of wat ook al).

Hulle is MEER as bereid om die Gemeente by te staan. Dis waarvoor hulle geroep is.

Daar is egter meer wat Bergsig bied: kontak ook alle ander personeel wat op bystand van hul huis af werk en beskikbaar is vir die lidmate van die Gemeente.

Ons kan julle bystaan en help.

Ons is daar as ore en hande. Ons het 'n netwerk en ons het kontakte om die tyd meer draaglik te maak. :) Al is dit net 'n GEBEDLYN na bo :)

Besoek die webwerf:

www.bergsigdv.co.za vir kontakdetails van alle leraars en personeel.

## 'n Brief aan Durbanville-Bergsig in die Grendeltyd

Dit is met groot dankbaarheid en onverdiende genade dat die kerkraad hierdie skrywe aan u as gemeente rig in 'n tyd wat ons almal stomgeslaan is deur die omvang van die Covid-19 Koronavirus wêreldwyd. Ons sal gereeld moet bid en met groot omsigtigheid, gehoorsaamheid aan die owerheid en respek vir ander moet optree om as gelowiges saam die pandemie die hoof te bied.

Die kerkraad het groot waardering vir die herderlike skrywes wat die dominees uitgestuur het en ook dank verskuldig aan ons kommunikasiebeampte met die gebruikmaking van al ons moontlike digitale kommunikasie middele om ons lidmate op hoogte te hou. Onthou, ons as lidmate kan mekaar ook help deur gemeentelike nuus te versprei aan lidmate wat nie toegang het tot digitale kommunikasie nie.

Die personeel werk ook onverpoos voort van hulle huise af en sorg dat al die nodige bedieninge aandag kry en vlot verloop. Die jeugbediening kry spesiale aandag met die samestelling van YouTtube videos en ander materiaal. Ons seniors, vir wie ons almal 'n sagte plek in ons hart het, word bygestaan en versorg met al die moontlike middele tot ons beskikking selfs per telefoon. Ons dominees is beskikbaar vir enige pastorale navrae en hulp en julle kan vir my en ons gemeentebestuurder kontak as daar enige ander vrae of onduidelikhede is.

Die Here het ons weereens geseën met 'n geslaagde Durbanville Plaasfees 2020 wat op 14 Maart 2020 op Meerendal gehou is. Soos julle alreeds weet is alle feeste en groot sportgeleentehede net die volgende dag gekanselleer of uitgestel tot later. Wat 'n groot genade dat die Durbanville Plaasfees 2020, ons grootste fondsinsamelings geleentheid, wel kon plaasvind. Ons sal julle op hoogte hou van enige verdere nuus oor die Plaasfees soos wat die inligting beskikbaar word. 'n Groot dank aan die plaasfeeskomitee en ook aan al ons inerne stalletjie sameroepers, personeel en lidmate wat hard gewerk het om die dag moontlik te maak.

Om met die hulp van tegnologie as Bergsiggemeente te kon bid saam met die hele Suid Afrika op Vrydag, 27 Maart 2020 om 18:00, was baie spesiaal. Ons is ook baie opgewonde dat ons Dominees, met behulp van 'n toegewyde en hardwerkende tegniese Span, ons "Huis Eredienste" Sondae kan aanbied. 'n Totaal van 700 huishoudings het regstreeks, of later ingeskakel, om die erediens verlede Sondag te kyk. Ons het ook met behulp van SnapScan, dit is elektroniese maniere van betaal, R 8 400.00 as offergawes ontvang. As dit nie "Genade Onbeskryflik Groot" is nie, vriende, dan weet ek nie wat is nie. Skakel asseblief weer eerskomende Sondag om 09;00 in vir die "Huis Erediens" en onthou om ook nou in 'n tyd van groot uitdagings goeie rentmeesters te wees.

Maak asseblief gebruik van al ons digitale hulpmiddele en wees deel van die gemeenskap van die gelowiges om sodoende op hoogte te bly in hierdie tyd. Neem ook die vrymoedigheid om te deel met ons as daar iets op jou hart is en as jy vrae het.

Bid asseblief vir die leiers van Durbanville-Bergsig wat steeds " Sy Ligdraers" wil wees deur dienslewering en kommunikasie in 'n uitdagende tyd.

Seënwense
Peter Montgomery
Voorsitter van die Kerkraad
Durbanville Bergsig Gemeente

084 299 669

# PAASFEES

Die belangrikste gebeurtenis op die kerkjaar se kalender.

Was dit so vir jou voor die afsonderingstydperk? Of was dit net nog 'n heerlike langnaweek. Ek dink die meeste van ons gaan saam met … dankie tog dis nog 'n langnaweek EN met die klem darem dat dit Paasfees is 'n tyd vir stilword denke, al is dit net in die Eredienste.

Die Israeliete het duisende jare terug BLOED aan hul deurkosyne gesmeer voor die uittog in Egipte. Die Pasga het hul daaraan herinner.

Vandag herinner PAASFEES ons aan Jesus se sterfte aan die KRUIS vir ons elkeen. Ja jy met jou LYF soos jy hier in 2020 sit is gedek deur die bloed van Jesus op die kruis 'n paar duisend jaar terug.

As dit nie nou in die afsonderingstyd vir jou RELEVANT word nie sal dit seker nooit nie. Ons WEET nou meer as ooit dat ons aan die Here se GENADE oor gelaat is en dat geen mens, wêreld ekonomie, mode of sport ons kan red uit enige verknorsing nie.

Daar is net EEN manier en dit is deur Jesus Christus.

Wanneer jy met WAAGMOED leef, 24 uur, 7 dae 'n week (#24/7) en die keuse vir die Here maak, selfs in die baie moeilike ONGEWONE tydperk kan jy met 'n tikkie rus in joe gemoed gaan slaap.

Mag jy vrede in die Paasfees tydperk ervaar, 'n vrede wat alle verstand te bowe gaan, omdat jy 'n KEUSE gemaak het vir God Drie Enig, die enigste wat ALLES in stand hou selfs wanneer ons in die onbekende tyd van die virus Covid-9 leef. Wie sou ooit kon dink? Al wat ons weet is dat net Jesus ons red.




Geniet jou familie in die tydperk. Doen al daardie dinge wat jy graag tuis wou doen.

Bel die wat jy kan bel en kuier oor die foon.

# KOM WORD DEEL KLEINGROEPE 2020

**Word deel van 'n Kleingroep in 2020.**

Individue, egpare, gesinne, vriendegroepe ensovoorts, kan hier registreer om deel te word van 'n kleingroep by Durbanville-Bergsig NG Kerk. Die indeling sal vroeg in 2020 plaasvind.

Kliek op hierdie skakel of scan die QR code: http://bit.do/registreer

Registreer

## Word deel van die TechTeam

Is Klank, Beligting, Mult-Media of Video deel van jou belangstelling, stokperdjies or beroep? Kom dien die gemeente met jou gawes en vaardighede by the Tegniese ondersteuningspan.

## Bedieningsgeleenthede

@10 en Familiediens - Klank & Beligting, Multi-Media en LiveStream

@10 GlowKidz - Klank & Beligting, Multi-Media

@6 Regeneration - Klank & Beligting, Multi-Media en LiveStream

**Die TechTeam motto is 1 Petrus 4: 10.**

As jy dit ook deel van jou lewe wil maak, kontak vir Carel by 0834409640 of carelhventer@gmail.com vir meer inligting.

**Durbanville, Durbanville-Bergsig en Urban Edge** gemeentes het ook onlangs 150 families gehelp met kospakkies in Morninstar en Fisantekraal.

Die wat graag met die "voedingskema" wil help kan inbetaal by:

NG Gemeente Durbanville
Absa Durbanville
Tjekrek 1410580019
Ref: Feeding

Skakel Annamaré as jy betrokke wil raak: uitreike@bergsigdv.co.za

# GEMEENTE KOMMUNIKASIE

Daar is baie maniere om selfs gedurende die tyd van afsondering by ons as Gemeente ingeskakel te bly, die gemeenskap van die Gelowiges is baie belangrik:

Besoek gerus Durbanville-Bergsig se web: **www.bergsigdv.co.za** vir algemene inligting.

**Vind en "like" ons op Facebook**

**Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers**

Om vrywillig deel te word van die kerk se algemene **WhatsApp groepe** stuur jou naam en nommer na: 071 529 9491 of klik op die skakel om te "join:
https://chat.whatsapp.com/EahShOVHw1zKC0ZLyGd1mp

Om Sondae regstreeks in te skakel op die **YouTube kanaal** om 9:00 na eredienste te lustier klik hier:
https://bit.ly/DurbanvilleBergsigYouTube

Databasis: Dateer selfoon en e-pos adres op sodat ons gemaklik met jou kan kommunikeer: **kommunikasie@bergsigdv.co.za**

As jy nuut is by Bergsig en ons aanlyn gevind het voel vry om in te skakel:

Skakel gerus ons is steeds hier vir jou in die moeilike tydperk.

**NUUT HIER?**

Onseker hoe om in te skakel? Gebruik die skakel: **http://bit.ly/nuwelidmate** of skandeer die QR kode of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.
Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

# Dit raak herfs














Tydens die afsonderings tydperk het Bergsig se bedienaars in oproep deur president Cyril Ramaphosa saam met die Gemeente virtueel gebid en die tydperk wat ons binnegaan opgedra aan God wat die hele wêreld in sy hande vertroos. In Johannes 10:33 sê die Bybel dat ons kan MOED hou omdat die wêreld reeds oorwin is.

Glow Kidz het in die tyd reeds twee Zoom virtuele kuiers gehad met kinders en hul bedien/besig gehou. Die eerste keer het hulle tuis 'n koek in 'n koffiebeker gebak. Wat 'n heerlike gemors!





Ander van ons lidmate volg die 21 dae afsonderings retreat - sien hier hoe hartjie klippe in ons tuine ander bemoedig asook reënboë wat geplak is in ons vensters. Die enkeles wat verby ry sien dalk iets van HOOP daarin.












Dan die grootste aanpassing in die tyd, maar tog moontlik is om tuis kerk toe te gaan in ons huise oor die internet.



Om Ds. Philip so oor die internet te beleef en te besef hoe groot aanpassing dit moet wees om na al die jare so te preek en hoe maklik hy dit reggerky het. Dit gee ons hoop, dat die kerk kan aangaan al is dit net so virtueel. Die Here hou Sy kerk in stand. Prys Hom alleen daarvoor. Dit is ons voorreg om eendag weer in 'n kerkgebou te mag sit.

**EEN DING IS WAAR ONS BELEEF ALMAL**
**TYE VAN VERANDERING**

maar ons wat gered is se hulp en hoop kom van die Here af.

Ons hoef nie eers te bekommer oor feit of "fake" nuus nie, ons kan net ons kop op Sy skouer laat rus.

scan to donate now
zapper donate with
VISA and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 O18 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527